

Sing vooraf: Psalm 143:8 (p. 689)

- 1 Verlos my, HEER, van hinderlae; / en wil my leer u welbehae.
Ek skuil by U, vat U my hand, / en laat u Gees in al my dae / my voortlei in 'n veil'ge land.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 12-2:4 (27:4)

- 4 Ek geloof, met stille[^] aanbidding, / in die Heil'ge Gees wat my / in my sondedood gewek het,
my as Trooster leer en lei. / Ek geloof 'n heil'ge eenheid, / wêreldwyd, in Christus een,
wat sy roepstem sal vergader, / deur die lange eeue heen.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 1-1:7 (24:7)

- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloop het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die glorie van God, wat kom.

Skriflesing: Lukas 2

Teks: Lukas 2:13, 14; Kategismus Sondag 14.

En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskaare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae! (Lukas 2:13-14 AFR1953)

Ons bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 8 verskillende dinge van God die Here. Ons bely daar iets wat die Woord van die Here aan ons openbaar: *God is een Wese en onderskeie in drie Persone.*

Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is,

- naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees,
- wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie.

Die leërskaar van engele is diensknegte van die Here – geestelike skepsele wat dikwels deur die Here gebruik word om ons mense te bedien. Dit wat ons bely, is juis dit wat hulle daardie nag op Gods bevel geopenbaar het!

- Die feit dat die engele die naglug oopgebreek het en 'n lied gesing het, is nie maar net 'n verhaal wat die Bybel opvroliek nie.
- In die gedeelte wat ons saam gelees het, bedien hulle die evangelie aan ons.
- Hulle kondig die vervulling van God se verlossingsbeloftes aan: die Messias is gebore!

Eerste kondig hulle singend die eer van God aan.

Eer aan God in die hoogste hemele!

- Voor hulle het daar 'n stomgeslaande groepie herders gesit en luister.
- Oor hulle is daar die vrede van God en verlossing deur die Kind wat gebore is, aangekondig!
... **vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!**

Alles wat daardie nag gebeur het, is so tipies van alles wat mense verkeerd doen!

- Herodes is nie in staat om die openbaring van God (en daarmee God self!) in die kindjie in die krip te herken nie.
- Daarom openbaar God deur die engelesang aan die herders wie die Kind is.

Inderdaad is dit niks anders nie as net vervulling van die Here se Woord nie.

Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes.

(1 Johannes 4:10 AFR1953)

Dit is presies dit wat die engele daardie nag aankondig.

- God die Vader het sy verlossingsraad uitgevoer.
- Daarmee het Hy ook sy beloftes aan ons waar gemaak: Hy het ons vlees aangeneem en mens geword.

God die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.

- Hy het alles geskep – ook die mens aan wie Hy die bewerking en bewaring van sy skepping toevertrou het.
- Maar toe was die mens nie in staat om sy roeping na te kom nie!

Maar oor die verloop van baie jare het God in sy liefde aangekondig dat Hy mens sal word en ons weer met Hom versoen.

- Die engele het aangekondig dat die Here daardie nag sy beloftes nagekom het!
- Die Verlosser is gebore.
- Hy sal weer vrede tussen God en die mense bewerk.

Die een wat gebore is, is die Seun van God.

- *Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader.*
- *Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie.*
- *Eweneens is die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun nie.*

Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun.

- Die Kindjie wat hulpeloos in die krip gelê het, is die Seun van God.
- Hy is God wat met lig bekleed was, maar wat toe in doeke toegedraai gelê het.
- Hy is God wat nie deur die hemel der hemele bevat kan word nie, maar wat 'n menseliggaam aangeneem het.

Al die dinge wat gebeur het toe (en ook die feit dat) die Here Jesus as mens gebore is, moet ons nie mislei nie.

- Die Drie-eenheid van God is 'n onverstaanbare misterie.
- Ons kan dit net in die geloof aanvaar.

- Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid af in een en dieselfde Wese.
- Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

Hoe kan ons tot op die punt kom waar ons die Drie-eenheid – drie Persone, maar een Wese – van God kan aanvaar en bely?

- Die antwoord is: deur die werk van God die Heilige Gees.
- Hy is die derde Persoon van God.
- Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.

Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeeltes is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is.

Kom ons lees saam wat ons in die Heidelbergse Kategismus oor hierdie dinge bely in Sondag 14:

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is (a) en bly (b), die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het (d). So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid (e), in alles aan sy broers gelyk (f), behalwe die sonde (g).

(a) 1 Joh 5:20; Joh 1:1; 17:3; Rom 1:3, Kol 1:15. (b) Rom 9:5. (c) Gal 4:4; Luk 1:31, 42, 43. (d) Matt 1:20; Luk 1:35. (e) Rom 1:3; Ps 132:11; 2 Sam 7:12; Luk 1:32; Hand 2:30. (f) Fil 2:7; Heb 2:14, 17. (g) Heb 4:15.

Vraag 36: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is (a), en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek (b).

(a) Heb 7:26, 27. (b) 1 Pet 1:18, 19; 3:18; 1 Kor 1:30, 31; Rom 8:3, 4; Jes 53:11; Ps 32:1.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 139:3 (p. 674)

- 3 Die kennis is te hoog vir my, / te wonderbaar – wie haal daarby?
 Waar sou ek heengaan voor u Gees, / of vlug, om van U weg te wees?
 'k Kan nêrens my aan U onttrek nie, / want niks kan my voor U bedek nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
 Gereformeerde Kerk Bellville
 Datum: 3 Mei 2009

NB. Die inhoud van NGB artikel 8 is elke keer presies behou en is in kursiewe druk aangedui in die preek.